VERANDERINGSFIKSHEID IN GEMEENTES

ARNOLD SMIT

Arnold Smit is 'n bekende skrywer en predikant
by die NG gemeente Fontainebleau.

Transformasiegolwe

Een van die ghoeroes op die terrein van leierskap- en organisasie-ontwikkeling het iewers teen die einde van die 90's gesê dat die wêreld wat ons ken maar net 'n dekade oud is. Daarmee het hy iets tot uitdrukking gebring van die groot veranderinge wat in 'n baie kort tydperk oor die wêreld heen gespoel het en daarmee saam baie van die ou maniere van dink en doen getransformeer het. Bestuurskonsultant en Lutheraanse predikant, Harrison Owen beskryf dit soos volg: "There clearly have been times when things seemed never to change… times it certainly seemed that yesterday, today and tomorrow were all of a piece. Regardless of how things have been, they are surely different now … We need only to get out of bed each morning to see what massive change the rolling forces of transformation have brought to us that day."

Hier in Suid-Afrika deel ons saam met die res van die wêreld in drie van die groot "transformasiegolwe" wat lank gevestigde maniere van dink en doen uitdaag, naamlik:

- Die koms van **informasietegnologie** met die uitwerking wat dit het op die verwerking en verspreiding van kennis, die aard en spoed van kommunikasie en die herdefiniëring van organisasiestrukture en bestuursprosesse.
- Die **globalisering van die ekonomie** met die uitwerking wat dit het op markte, werksgeleenthede, vervaardigingsprosesse, werksure, patrone van rykdom en armoede.
- Die opkoms van 'n **postmoderne lewensbeskouing** met die uitwerking wat dit het op die evaluering van kennis, die soeke na waarheid en betekenis, die formulering van waardes en die beoefening van etiek.

Die vierde transformasiegolf is 'n eg Suid-Afrikaanse een: die oorgang na 'n **post-apartheid Suid-Afrika** gekenmerk deur die verskuiwing van politieke en ekonomiese magsbasisse, die transformasie van die land se onderrigsisteme en -inrigtings en die veranderende demografie van woonbuurtes.

Hierdie veranderinge bring in mense, gemeenskappe en organisasies belangrike vrae na die oppervlak. Dit raak:

- mense se verstaan van persoonlike **identiteit**: Hoe en waar pas ek/ons in hierdie nuwe en veranderende wêreld in?
- die **verhoudings** waarbinne mense leef: Hoe handhaaf ons die welsyn van die verhoudingsisteme wat aan ons ondersteuning te midde van grootskaalse veranderinge moet bied?
- die **organisasiesisteme** waarbinne mense saamwerk: Hoe skep ons organisasiepatrone wat in pas is met die aard en die tempo van verandering?

Gemeentelike gesigte van transformasie

Wat vir hierdie artikel belangrik is, is die herkenning van die gemeentlike gesig van hierdie transformasiegolwe. Op enige gegewe tydstip mag 'n gemeente met gegewens soos die volgende te doen kry:

- ***Informasietegnologie:***

  Belangstelling in deelname aan aktiwiteite van die kerkraad taan. Die kerkraad is nie meer 'n aantreklike bedieningsgeleentheid nie. Lidmate blyk ongeïnteresseerd te wees in deelname aan stadige en ingewikkelde besluitnemingsprosesse. Lidmaat-geïnisieerde bedieningsgeleenthede kry groter aftrek as kommissie-gedrewe inisiatiewe.

- ***Ekonomie:***

  'n Verhoogde werkslading in 'n 24 uur 'n dag, sewe dae 'n week ekonomie verminder lidmate se vermoë om aan gemeente-aktiwiteite deel te neem. Werkloosheid in sommige sektore neem toe. Ouers is bekommerd oor wat hulle kinders moet studeer en waar hulle gaan werk kry. In baie gesinne werk een of meer kinders reeds in die buiteland.

- ***Postmoderniteit:***

  Konflikte oor die interpretasie en gesag van die Skrif neem toe. Hiervan is die gesprekke oor die historiese Jesus en homoseksualiteit twee bekende voorbeelde. 'n Pluraliteit van waardestelsels is aan die orde van die dag met 'n sterk klem op die voordeel en voorkeure van die individu. Die grense tussen Christelike en ander tradisies van spiritualiteitsontwikkeling vervaag. Die belangstelling in die werk van iemand soos Deepak Chopra is 'n goeie voorbeeld hiervan.

- ***Post-apartheid:***

  Die veranderende demografie van woonbuurte, veral waar dit met toenemende multi-kulturaliteit en veeltaligheid verband hou, dwing gemeentes om weer te dink oor die inklusiwiteit van die evangelie. Die vraag na wat dit beteken om 'n gemeenskapskerk te wees begin in al meer gemeentes opduik. Met "gemeenskapskerk" word bedoel 'n gemeente wat nie alleen die evangelie in baie gestaltes aan die gemeenskap bedien nie, maar wat self as gemeente ook toenemend die demografiese samestelling van die gemeenskap reflekteer.

Veranderingsmoegheid - Veranderingsfiksheid

In konsultasieprosesse met gemeentes beleef ek twee reaksies op hierdie veranderinge. Die een reaksie is om die kerk van die voorgeslagte te bewaar soos dit altyd was. 'n Bekende uitspraak wat dikwels gehoor word is

"Weet jy, ek is nie teen verandering nie,
vra maar vir die ander mense hier, maar…"

'n Ander bekende uitspraak is:

"Ons moet tog nie verander
net ter wille van verandering nie."

In hierdie reaksies word verandering beleef as 'n dief wat die kosbaarhede van die verlede kom steel, wat die rus in die kerk in onrus kom verander. Dit is asof diesulkes wil sê:

"In die lewe daarbuite is daar reeds genoeg verandering.
Laat die kerk asseblief net die een plek wees
wat te midde van alles
stabiel en herkenbaar bly."

'n Tweede reaksie wat ek in gemeentes sien en hoor het weer te doen met die verwelkoming en bevordering van verandering. In hierdie soort reaksie word daar weer doelbewus gevra na hoe die kerk gebruik kan maak van die positiewe opbrengste van die veranderinge wat deel van die alledaagse lewe is. Daar word gevra na en gewerk aan nuwe erediensvorme, aan nuwe soorte bedieninge, aan nuwe leierskapsprosesse en -strukture, aan kommunikasieprosesse wat gebruik maak van webtuistes, e-pos en SMS'e.

In die eerste reaksie hoor 'n mens die ondertone van veranderingsmoegheid. Dit is die reaksie van mense wat sê dat hulle moeg geswem is in die transformasiegolwe van die lewe en dat hulle iewers net 'n vaste ruspunt wil hê, in die kerk. In die tweede reaksie verneem 'n mens weer van mense wat al die veranderinge as uitdagend en opwindend beleef , die golwe aandurf en die kerk deel daarvan wil laat wees.

Dit is so dat 'n mens te midde van al die baie veranderinge met wysheid en onderskeiding moet leef. Nie alle weerstand teen verandering is sleg nie en nie elke vorm van verandering is te verwelkom nie. Wat egter nie te vermy is nie, is dat ons 'n fase in die geskiedenis beleef waarin ons, dalk meer as 'n geslag of wat voor ons, uitgedaag word met veranderinge wat in omvang en tempo ons uitdaag om veranderingsfiks te wees. **Veranderingsfiksheid** verwys na die vermoë om verandering as 'n integrale deel van die lewe te aanvaar, daarmee gemaklik te wees, kreatief en konstruktief daarmee om te gaan en dit aktief te bevorder waar dit ter sake is. Veranderingsfiksheid beteken om gemaklik te wees met diskontinuïteit.

In die volgende uitgawe van Kruisgewys neem ons die onderwerp verder. Dan sal ek fokus op:

- Indikators van veranderingsfiksheid;
- strategieë vir gemeentes;
- en die hantering van die verband tussen verandering en konflik.